

5 Junie

**Skrifgedeelte: Esegïel 47:1-12
Fokusgedeelte: Esegïel 12:1,12**

God is die bron van die nuwe lewe

Ons moet onthou dat ons hier met 'n visioen te doen het en dat ons nie alles letterlik moet verstaan nie. So is dit ook met die klein stroompie water wat al hoe groter word totdat dit 'n magtige stroom word wat in die Dooie See loop en die water van die Dooie See weer vars maak. Dit is duidelik dat die water nuwe lewe bring. Langs die stroom staan bome wat elke maand vrugte gee en in die Dooie See wemel dit van visse. Daar is water, voedsel en lewe. Die prentjie wat 'n mens kry, beeld die heerlike nuwe toekoms van God se volk uit. Wat ons egter goed moet raaksien, is die oorsprong van die lewe. Die stroompie begin klein, maar dit begin by die tempel. Die tempel is die simbool van God se teenwoordigheid. Dus, God is die bron van die nuwe lewe. Hy begin, ook in ons lewens, dikwels klein, maar doen groot dinge. Dit doen Hy deur die werk wat Jesus kom doen het en veral deur die werk van die Heilige Gees in ons lewens. Soms voel dit vir 'n mens asof jy sonder hoop vasgevang sit in 'n lewe van donkerte. Dan moet ons onthou dat God die bron van die lewe is – die bron van hoop en vertroosting. Geen probleem in ons lewe is ooit so groot dat God dit nie kan oplos nie. Ons moet in die geloof na die regte oplossing vra en dit nastreef. Dan staan 'n mens soms verbaas vir die geweldige verandering wat God in jou lewe bring.

Sing: Psalm 130:4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)